Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

JAARVERSLAG

JANUARIE 2015 - DESEMBER 2015

Tydelike adres:

Soutpansbergweg 92, Riviera, Pretoria, 0084

Privaat sak X11, Arcadia, 0007

Telefoon: 086-133-3786

E-pos: akademie@akademie.co.za

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS VIR DIE TYDPERK JANUARIE 2015 TOT DESEMBER 2015.

Inhoudsopgawe

1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE 5
2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE 6
3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE SE WERKSAAMHEDE JANUARIE 2015 - DESEMBER 2015 9
4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD 22
5. SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD 23
6. VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE 26
7. VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSKAPPE EN AFDELINGS 29
8. DANKBETUIGING 33
9. LEDELYSTE 33

Woorde van die Voorsitter

Geagte lede van die Akademie

Dit is vir my ‘n voorreg om in ooreenstemming met paragraaf B.2.2 van die Statuut van die Akademie, die verslag van die Raad vir die tydperk Januarie 2015 tot Desember 2015 aan die Algemene Vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voor te lê.

PROF. W.J. PIENAAR
VOORSITTER

1. BESTUUR VAN DIE AKADEMIE

1.1 Akademieraad

Die Akademieraad is op 1 Okober 2015 vir ‘n tweejaartermyn verkies en is soos volg:

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe
Prof. S.M. (Anne-Marie) Beukes,
Universiteit van Johannesburg
Prof. I. (Irma) Eloff, Universiteit van Pretoria
(Ondervoorsitter)
Prof. A.E. (Ilse) Feinauer, Universiteit van Stellenbosch
Dr. M.L.A. (Michael) le Cordeur,
Universiteit van Stellenbosch
Prof. F. (Fransjohan) Pretorius,
Universiteit van Pretoria
Prof. H.P. (Hennie) van Coller,
Universiteit van die Vrystaat

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie
Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens, SA Kernenergiekorporasie
Prof. J.N. (Kobus) Eloff, Universiteit van Pretoria
Prof. J.A.A. (Japie) Engelbrecht,
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
Prof. O.B.W. (Oppel) Greeff, Universiteit van Pretoria
Dr. S. (Sias) Mostert
Prof. W.J. (Wessel) Pienaar,
Universiteit van Stellenbosch (Voorsitter)
Prof. K.J. (Kobus) van der Walt,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Ex officio raadslede
Mnr. P.R. (Rudolph) Botha
(Voorsitter: Oudit- en Risikobestuurkomitee)
Prof. J.G. (Kobus) Maree, Universiteit van Pretoria
(Redakteur, SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en
Tegnologie)
Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe, emeritus professor,
Unisa (Redakteur, Tydskrif vir Geesteswetenskappe)

1.2 Oudit- en Risikobestuurkomitee

Die kommissie bestaan uit die volgende lede:
Mnr. P.R. Botha (voorsitter), prof. O.B.W. Greeff, me.
Olga Kotzé, proff. J.J. Rossouw en J. van der Elst.
Ex officio: prof. W.J. Pienaar, dr. Dionē Prinsloo en
me. Marietjie Botha (Finansiële Beampte).

Hoof Uitvoerende Beampte
Dr. D. (Dionē) Prinsloo

Agter v.l.n.r.: Prof. I.J. van der Walt, dr. S. Mostert, prof. J.N. Eloff, dr. L.E. Brink (Koördineerder: projekte), prof. F. Pretorius, prof. J.A.A. Engelbrecht, mnr. P.R. Botha, prof. O.B.W. Greeff.

Voor v.l.n.r.: Prof. A.E. Feinauer, prof. I. Eloff (Ondervoorsitter), prof. W.J. Pienaar (Voorsitter), dr. D. Prinsloo (Hoof Uitvoerende Beampte), prof. R.C. Wolfaardt-Gräbe.

2. LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

2.1 Geografies is lede van die Akademie soos volg ingedeel wat die verskillende Werkgemeenskappe betref:

Werkgmeenskap	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatlede	Korresponder-endelede	Totaal
Bloemfontein*		**19**	**7**			**26**
Buiteland		**29**			**4**	**33**
Durban		**4**	**2**			**6**
Oos-Kaapland		**27**	**11**			**38**
Pietermaritzburg		**1**				**1**
Polokwane		**3**				**3**
Potchefstroom		**127**	**11**			**138**
Pretoria	**5**	**246**	**51**	**4**		**306**
Vaaldriehoek		**15**				**15**
Vrystaat**	**1**	**67**	**8**			**76**
Wes-Kaap	**5**	**190**	**64**			**259**
Witwatersrand		**75**	**16**			**91**
Zoeloeland		**2**	**1**	**1**		**4**
Totaal	**11**	**805**	**171**	**5**	**4**	**996**

* Slegs NW-lede
**Slegs GW-lede

2.2 Ontleding van die lidmaatskap van die Akademie in terme van aanwinste en verliese sedert 2009:

	Junie 2008 tot Junie 2009	Junie 2009 tot Junie 2010	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan. 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015
Ledetal	**799**	**798**	**776**	**764**	**765**	**781**	**811**	**825**
Emeritus lede	**231**	**222**	**216**	**201**	**188**	**183**	**173**	**171**
Totale ledetal op 31 Mei	**1 030**	**1 020**	**992**	**965**	**953**	**964**	**984**	**996**

Wins (Verlies) in ledetal:

	Junie 2008 tot Junie 2009	Junie 2009 tot Junie 2010	Junie 2010 tot Junie 2011	Junie 2011 tot Junie 2012	Junie 2012 tot Junie 2013	Junie 2013 tot Des. 2013	Jan. 2014 tot Des. 2014	Jan. 2015 tot Des. 2015
Nuwe lede	**35**	**47**	**23**	**32**	**38**	**24**	**44**	**58**
Bedank/Skrap	**34**	**37**	**30**	**40**	**22**	**8**	**30**	**19**
Sterftes	**16**	**20**	**21**	**19**	**28**	**5**	**15**	**17**
Totaal	**(15)**	**(10)**	**(28)**	**(27)**	**(12)**	**11**	**(1)**	**22**

2.3 Nuwe lede

Die volgende persone het in 2015 as lede aangesluit:

Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe

- Adendorff, S.A. prof. (UP, Bestuur)
- Bornman, J. Prof. (Direkteur: Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie, UP)
- Bossuyt, M.J. prof. (Regsgeleerde, België)
- Britz, J.J. prof. (Vise-kanselier, Akademies, Universiteit Wisconsin, Milwaukee)
- De Beer, J. prof. (Dept. Opvoedkunde, NWU) De Lange, N. prof. (MIV- en Vigs-Navorsingsleerstoel, NMMU)
- De Villiers, A.P. prof. (Dept. Ekonomie, US)
- De Villiers, J.J.R. prof. (Fakulteit Opvoedkunde, UP)
- Du Plessis, G.I. dr. (Direkteur: Akademiese Steundienste, NWU)
- Engelbrecht, W.W.K.H. prof. (Hoof: Nederlandse Studies, Universiteit Palackeho, Tsjeggië)
- Esterhuizen, H.D. dr. (Bestuurder: e-Leerondersteuning, NWU)
- Finestone, M. dr. (Fakulteit Opvoedkunde, UP)
- Freeks, F.E. dr. (Fakulteit Gesondheidswetenskappe, NWU)
- Geldenhuys, P.A. mnr. (Strand, Futuris en tegnologiestrateeg)
- Grundlingh, A. dr. (Senior Kliniese Sielkundige, US)
- Jansen, A.I. prof. (Dept. Ekonomie, US)
- Jonker, C.S. prof. (Skool vir Menslike Hulpbronwetenskappe, NWU)
- Jordaan, Y. prof. (Hoof, Dept. Bemarking, UP)
- Klopper, E.G. adv. (Somerset-Wes, Hooggeregshof, Kaapstad)
- Kok, J.A. prof. (Adjunk-dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid, UP)
- Koopman, N.N. prof. (Dekaan, Fakulteit Teologie, US)
- Koorts, L. dr. (Dept. Geskiedenis, UV)
- Kromhout, B. dr. (Voorburg, Nederland, Skrywer en joernalis)
- Lourens, A. dr. (Dept. Afrikaans en Nederlands, US)
- Lourens, C.J.A. mnr. (Brits, Prokureur)
- Naudé, P.J. prof. (Direkteur, Bestuurskool, US)
- Odendaal, B.G. dr. (Navorsingsgenoot, US)
- Pienaar, J.M. prof. (Hoof, Privaatreg, US)
- Roos, J.L. prof. (Hoof, Dept. Psigiatrie, UP)
- Rossouw, J.H. dr. (Dept. Filosofie, UV)
- Saayman, A. Prof. (Skool vir Ekonomie, NWU)
- Saayman, M. prof. (Direkteur: Toerismenavorsing, NWU)
- Schoeman, T.J. mnr. (Pretoria, Voorsitter: Centurion Akademie)
- Scholtz, D.A. ds. (Voorligtingsielkundige, Somerset-Wes)
- Smit, N. prof. (Dekaan, Fakulteit Regte, NWU)
- Swanepoel, M. me. (Johannesburg, kykNET)
- Theron, L.C. prof. (Opvoedkundige Wetenskappe, NWU)
- Theunissen, C.H. mnr. (Johannesburg, Filmvervaardiger)
- Theunissen, W.J. mnr. (Pretoria, Prokureur)
- Ubbink, M.J. dr. (Dept. Maatskaplike Werk, Potchefstroom)
- Van der Merwe, F. mnr. (Argitek, Pretoria)
- Van der Merwe, L.J. dr. (Akademiese Geletterdhede vir onderwys en Afrikaanse taalkunde, UP)
- Van der Walt, J.L. prof. (Skool vir Ondernemingsbestuur, NWU)
- Van der Westhuizen, G.J. prof. (Dept. Opvoedkundige Sielkunde, UJ)
- Van Lill, J.B. prof. (Direkteur: Skool vir Bestuurswetenskappe, NWU)
- Van Ryneveld, L. prof. (Dept. Opvoedkunde, UP)
- Van Staden, S. dr. (Fakulteit Opvoedkunde, UP)
- Vorster, C.J. mnr. (Dept. Drama en Toneelkuns, UV)

Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie

- Booyse, M. dr. (Stellenbosch, Biometrikus, LNR)
- De Villiers, W.J.S. prof. (Rektor en Visekanselier, US)
- Dreyer, G. prof. (Dept. Obstetrie en Ginekologie, UP)
- Hattingh, D.G. prof. (Direkteur eNTS, Meganiese Ingenieurswese, NMMU)
- Meyer, J.H. prof. (Dept. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, UV)
- Potgieter, M. prof. (Dept. Landbouwetenskappe, UP)
- Van Jaarsveld, A.S. dr. (Durban, Visekanselier, UKZN)
- Webber-Youngman, R.C.W. prof. (Dept. Myn-Ingenieurswese, UP)
- Wolff, F. mnr. (Academy of African Languages and Science, Unisa)
- Zeekoei, E.D. mnr. (Skool vir Rekenaar, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe, NWU)

3. VERSLAG VAN DIE SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS SE WERKSAAMHEDE: JANUARIE 2015 – DESEMBER 2015

3.1 Personeelposisie

Die SA Akademie het tans 6 personeellede:

- Hoof Uitvoerende Beampte (kontrakpos) – Dr. Dionē Prinsloo
- Koördineerder: Projekte (permanent) – Dr. Linda Brink
- Persoonlike Assistent en Administratiewe Beampte (permanent) – Me. Nellie Engelbrecht
- Finansiële Beampte (6/8ste pos) (permanent) – Me. Marietjie Botha
- Administratiewe Beampte – Me. Melanie Rens
- Administratiewe Assistent vir die kantoor en die museum (permanent) – Me. Shirley Mahlangu

3.2 Ledetal

- 996 lede, hoofsaaklik akademiese en/of professionele mense. Lidmaatskap is steeds selektief. ‘n M-graad is ‘n norm, maar ander verdienstelike vereistes, byvoorbeeld prestasie in die kunste word eweneens in aanmerking geneem.

3.3 Vergaderings van die Akademieraad

- Die Akademieraad het die afgelope verslagtydperk vier keer vergader:
- 26 Maart 2015
- 11 Junie 2015
- 30 September 2015
- 17 November 2015

3.4 Werkgemeenskappe

Vyf Werkgemeenskappe van die SA Akademie te Pretoria, Potchefstroom, Bloemfontein/ Vrystaat, Oos-Kaapland en Wes-Kaap is steeds aktief en vergader op gesette tye.

3.5 Internasionalisering

Die proses van internasionalisering van die SA Akademie is deur die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) gestimuleer. Me. Natasja Schellaars- le Roux is as koördineerder aangestel en het ‘n navorsingverslag saamgestel en aanvoorwerk gedoen.

3.6 Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA)

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) het ten doel om digitale hulpbronne van, kennis oor en tegnologie-gebaseerde dienste vir Afrikaans in ’n virtuele netwerk te ontwikkel en beskikbaar te stel tot voordeel van die Afrikaanse gemeenskap. Uiteindelik sal VivA ‘n internasionaal erkende instituut vir die beskrywing en bestudering van Afrikaans in sy volle omvang wees. VivA is ‘n inisiatief van die SA Akademie in vennootskap met verskeie plaaslike en internasionale universiteite, instellings en befondsers en word onderskryf deur die Afrikaanse Taalraad (ATR) en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). VivA se amptelike bekendstelling was in 2015.

3.7 Engelenburghuis

As gevolg van beplande bouwerk by die aangrensende Commission-huis was die Akademie genoodsaak om na alternatiewe huisvesting vir die Akademiekantoor te kyk. Atterbury Properties wat die nuwe gebou vir Delta-ondernemings op die grasperk bou wat voorheen vir parkering deur die Akademie gebruik is, het ingestem om ook die bouprojek van die Akademie te onderneem. Engelenburghuis-museum is deur verskeie kundiges besoek om die nodige toestemming by bewaringsliggame te verkry voordat met bouwerk 'n aanvang geneem kan word. Intussen is opdrag aan 'n argitek, mnr. François van der Merwe gegee om konsepplanne vir 'n nuwe gebou op die bestaande terrein voor te lê. 'n Erflating van mej. E.C. Steijn sal vir die doel van die nuwe gebou aangewend word en verdere borge is gevind. Die aanbouings en veranderinge sou in 2015 'n aanvang neem nadat die nodige toestemming van die Stadsraad en ander betrokkenes verkry is, maar Delta het intussen besluit om nie 'n nuwe gebou op te rig nie, maar slegs Commission-huis op te gradeer. Dit het tot vertraging gelei.

3.8 Die SA Akademie transformeer/vernuwe/omvorm

Die SA Akademie as liggaam beplan om in die toekoms die demografie van die Afrikaanse gemeenskap meer te verteenwoordig. Akademielede, ook in individuele en persoonlike verband, en Werkgemeenskappe se steun is gevra. Die saak geniet deurlopend aandag van die Akademieraad.

3.9 Publikasies deur lede

Die SA Akademie gee graag erkenning aan sy lede vir publikasies (sien Nuusbriewe van die SA Akademie in die verband vir die volledige inligting).

- 'n Beroep word weer op lede gemaak om alle publikasies in tydskrifte of boeke onder die aandag van die kantoor te bring. Stuur asseblief alle inligting na nellie@akademie.co.za.

3.10 Tydskrifte

3.10.1 Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

Die volgende punte word in die verslag behandel:

- Publikasie en beplanning
- Esther Greeff- en ATKV-SA Akademie-pryse
- Vergadering van NSEF en SciELO
- Die toekoms van Afrikaans as wetenskapstaal
- Publikasie en beplanning

Afgehandelde uitgawes

Die volgende uitgawes het in die loop van 2015 verskyn:

Jaargang 55, Nommer 1 (Maart 2015)

Hierdie uitgawe bevat benewens 9 navorsingsartikels ook die opsommings en/of PowerPoints oor Afrikaans as universiteitstaal (simposium, Julie 2014). Eep Francken se jaarlikse oorsig oor Afrikaans in Nederland lewer soos gewoonlik interessante leesstof op.

Jaargang 55, Nommer 2 (Junie 2015)

Die eerste afdeling in hierdie uitgawe bestaan uit vier artiikels en nege gedigte ter huldiging van T.T. Cloete se 91ste verjaardag. Prof Bernard Odendaal van Noordwes-Universiteit was die gasredakteur. Die buiteblad bevat 'n foto van die digter met T.T. Cloete 91 binne die raam aangebring.

Die tweede afdeling bevat vier artikels oor uiteenlopende onderwerpe: Afrikaanse taalkunde; seevaartgeskiedenis – die vloot se vier omstrede fregatte; opvoedkundige sielkunde – troeteldierondersteunde program vir lees; en filosofie – differensiasie en samelewingsvryhede.

Jaargang 55, Nommer 3 (September 2015)

Hierdie uitgawe bestaan uit 11 artikels: (Afrikaanse Taalkunde (2), Afrikaanse Letterkunde (2), Godsdienswetenskap (2), Filosofie (1), Opvoedkunde (4); asook 1 resensie.

Taalrubriek: Na aanleiding van vorige gesprekke oor die gehalte van Afrikaans as wetenskapstaal is die eerste artikel deur Tom McLachlan, "Die Afrikaanse idioom onder druk: Oor die gebruik van Afrikaans in die openbare domein" geplaas. Artikels oor bepaalde aspekte van die spelreëls sal in volgende uitgawes gepubliseer word.

Jaargang 55, Nommer 4 (Desember 2015)

Hierdie uitgawe het twee afdelings: 1) 'n tema-afdeling, Voorwaardes vir 'n gesonde samelewing (gemeenskap), bestaande uit 8 artikels, voorsien van 'n Voorwoord deur die gasredakteur, prof. C.S. (Fanie) de Beer. Dit is die laaste afdeling oor die rol van die geesteswetenskappe wat onder leiding van prof. De Beer saamgestel is. Opmerking: Soos genoem in vorige verslae, verteenwoordig hierdie tema-uitgawes 'n indringende problematisering van die stand en funksie van die geesteswetenskappe t.o.v. huidige regerings- en universiteitsbeleid. Dit sou die moeite werd kon wees om die artikels in 'n afsonderlike publikasie van die SA Akadamie uit te gee. 2) Die tweede afdeling bestaan uit vyf artikels uit verskillende dissiplines: ekonomie (1), maatskaplike werk (1), opvoedkunde (2) en Afrikaansonderrig en Kaaps (1).

Soos gebruiklik is erkenning gegee aan die keurders vir die tydperk November 2014 tot Oktober 2015 – ongeveer 100 keurders, uit verskillende vakgebiede en universiteite binnelands, sowel as enkeles uit die buiteland het gehelp om die gehalte van gepubliseerde artikels te verseker.

Die verhoogde gemiddeld vanaf 8 na 10 of meer artikels per uitgawe kon die afgelope drie jaar volgehou word – 2013 (43), 2014 (47) en 2015 (43).

Huldigingsbundel: T.T. Cloete & Boekeprojek van die SA Akademie

'n Huldigingsbundel, getiteld Met die digter praat, is saamgestel uit artikels en gedigte wat in die twee vorige huldigings-uitgawes van die TGW verskyn het, naamlik Jrg. 49(4): Desember 2009 en Jrg. 55(2): Junie 2015. 'n Beperkte en genommerde oplaag van 100 is gedruk. Die onverwagse dood van T.T. Cloete op 29 Julie het gelei tot 'n aanpassing in die beplanning om tydens die T.T. Cloete-huldigingslesing (16 September, Potchefstroom) die bundel aan die digter te oorhandig. Die eerste 5 genommerde boeke is aan Theo Cloete, die digter se seun, tydens hierdie geleentheid deur die redakteur oorhandig. Hy het onderneem om toe te sien dat sy broers en susters elk hul eksemplaar ontvang.

Na aanleiding van die goeie ontvangs van die Junie-nommer en die saamgestelde huldigingsbundel vir T.T. Cloete, het die Akademieraad goedgekeur dat 'n boekeprojek geloods word om meer presteerders in Afrikaans (bv. Hertzogpryswenners) in die toekoms op soortgelyke wyse te huldig. Daar word beplan om twee bundels per jaar uit te gee. 'n Spesialiskomitee, saamgestel uit onder meer literatore op die TGW-redaksie, in samewerking met die Letterkundekommissie, sal gasredakteurs aanwys om huldigingsuitgawes oor geïdentifiseerde digters/skrywers/dramaturge in Afrikaans saam te stel. Die projek word geborg deur die Dagbreek Trust.

Beplanning vir 2016-uitgawes

Die Maart-uitgawe het twee afdelings: 1) 'n Tema-afdeling, Afrikaanse werkwoorde en werkwoordkonstruksies, met prof. Bertus van Rooy (NWU – Vaaldriehoekkampus) as gasredakteur; 2) 'n Afdeling met los artikels, die jaarlikse oorsig van Afrikaans in Nederland (Eep Francken) en die tweede Taalrubriek deur Tom McLachlan.

Die Junie-uitgawe word onder meer gewy aan 'n aantal artikels om die 40-jarige bestaan van die Taalmonument te huldig. Die gasredakteurs is proff. Fransjohan Pretorius en Ernst Kotzé.

September: 'n Spesiale uitgawe oor die onlangse Spitsberaad van die SA Akademie word bykomend tot die gewone uitgawe beplan. Prof. André Duvenhage is die gasredakteur.

Esther Greeff- en ATKV-SA Akademie-prys

Prof C.S. (Fanie) de Beer ontvang die ATKV-SA Akademieprys vir bydraes gedurende 2012 en die Esther Greeff-prys vir bydraes gedurende sowel 2012 as 2013.

Hiermee word erkenning verleen aan Fanie de Beer se onvermoeide ywer om die debat oor die stand van die geesteswetenskappe te stimuleer: (i) d.m.v. artikels wat gedurende 2012 en 2013 in die TGW gepubliseer is; (ii) die aanbied van simposiums oor die belang van die geesteswetenskappe; en (iii) die versorging, as gasredakteur, van drie spesiale afdelings oor hierdie tema in die TGW.

Die volgende artikels en spesiale uitgawes/afdelings is ter sake:

a. "Die Polemologie vir die gees", jg. 52(1), Maart 2012 in die spesiale uitgawe: "Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid" (1) – 9 artikels;
b. "Geesteswetenskappe: vry of verkneg?", jg. 52(4), Desember 2012, in die spesiale afdeling: "Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid" (2) – 4 artikels;
c. "Wat het intussen van gees geword? Enkele oefeninge in die onmoontlike", jg. 53(4), Desember 2013, in die afdeling: "Verdere besinning oor gees, geestelikheid en die geestelike" (3) – 6 artikels.

ASSAf: ScIELO en NSEF – OR Tambo-lughawe, 8 en 9 September

Die jaarlikse vergaderings, aangebied deur ASSAf, van redakteurs wat deel is van SA SciELO ("SciELO SA User's Group Meeting") en die Nasionale redakteursforum ("National Scientific Editor's Forum") het op 8 en 9 September in die Southern Sun Hotel by die OR Tambo-lughawe plaasgevind.

SciELO

Die volgende sake is tydens die vergadering uiteengesit en gedebatteer:

Voordele vir SA joernale om deel te wees van die SciELO-groep (Louise van Heerden)

SciELO word befonds deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DST) en onderskryf deur die Departement van Hoër Onderwys en Tegnologie (DHET). Op die oomblik is 58 van die 303 nasionaal geakkrediteerde SA tydskrifte opgeneem in SciELO; daar word beplan om 1 per maand by te voeg en uiteindelik 180 tydskrifte deel van die groep te maak. Kriteria vir insluiting is: geslaagde her-evaluering deur ASSAf en/of internasionale indeksering in een van die 5 goedgekeurde internasionale indekse.

SciELO is nie deel van die kern van die Web of Science (ISI) nie, maar wel deel van die soekgebied van die ISI om siterings en die impakfaktor van joernale te bepaal. Die TGW, omdat dit in die SSCI (Social Sciences Citation Index) geïndekseer word, is wel deel van die kern van die ISI se Web of Science (tesame met die ISI (International Scientific Index)) en die HSI (Human Sciences Index).

SciELO se dienste sluit die volgende in: i) gratis en ooptoegang digitale beskikbaarheid; alle uitgawes van die TGW vanaf 2010 is volledig aflaaibaar; gelyktydige vertaling in 'n verskeidenheid tale, waaronder Engels, Nederlands, Duits, Frans, Swahili, ens., is beskikbaar vir (internasionale) lesers wat nie Afrikaans magtig is nie; ii) volledige statistiek oor hoeveel keer bepaalde artikels gelees is (meer as 11 000 keer vir artikels oor die gevare van die kuberruim en demografie bv.), watter uitgawes die meeste aangevra is, ens. is beskikbaar; iii) DOI's (Digital Object Identifiers) is gratis toegevoeg tot al die joernale in die SA SciELO-groep.

NSEF

Die belangrikste item ter bespreking was die omstrede kriterium van die DHET dat 75% van die inhoud van joernale vanaf 2016 van meer as een instansie afkomstig moet wees. Dit het hewige kritiek uitgelok van redakteurs en die voorsitter, prof Robin Crewe, het onderneem om skriftelik beswaar aan te teken – dit is inderdaad enkele dae na die vergadering gedoen. Die algemene strekking van die beswaar was dat die bepaling onbedoelde gevolge het en dat daar ander maniere is om bepaalde probleme te probeer voorkom.

Nota: Hierdie bepaling is ten spyte van ASSAf se beswaar nie opgehef nie, maar geld nie vir joernale wat internasionaal geïndekseer is nie.

Die toekoms van Afrikaans as wetenskapstaal:

Die volgende behoefte is tydens die SA Akademie se Raadsvergadering in Maart geïdentifiseer:

Ondersteuning van outeurs wat in Afrikaans publiseer ten einde die gehalte van wetenskapsafrikaans te bevorder.

Op 19 Mei is 'n telefoonkonferensie gehou. Die gespreksleier was prof. Wannie Carstens en die ander deelnemers prof. Ernst Kotzé, mnr. Tom McLachlan, prof. Gerhard van Huyssteen, proff. Ina Wolfaardt-Gräbe (redaksielede van

die TGW), Kobus Maree (Redakteur, SATNT asook redaksielied van TGW) en dr. Dionē Prinsloo (Hoof Uitvoerende Beampte). In sy opsomming van die gesprek het prof. Carstens die volgende sake uitgelig: probleme, persepsies, moontlike oplossings en ondersteuning.

Probleme:

- die verarming van Afrikaans se seggingskrag;
- swak en/of foutiewe vertalings; en
- 'n gebrek aan konsekwentheid in skryfwyse, keuse van terminologie en styl.

Persepsies:

- bekommernis oor 'n persepsie dat dit "te moeilik" sou wees om goeie Afirkaans te skryf en daarom skryf Afrikaanssprekende akademici dikwels eerder in Engels (hoewel dikwels swak Engels).

Oplossings:

- opleiding – sodat reeds op 'n vroeë stadium aandag gegee kan word aan die slyp van skryftaalvaardighede met die skryftaal as onmiddellike vertrekpunt:
  - » webinare (prof. Gerhard van Huyssteen sal hieroor advies gee)
  - » saamstel van 'n uitgebreide skryfgids wat die bestaande voorskrifte van die Akademie se tydskrifte aanvul (mnr. Tom McLachlan en prof. Ernst Kotzé sal hiermee kan help)
  - » identifiseer top Afrikaanse publiseerders in die onderskeie vakgebiede en vra hulle om saam te werk aan die bg. skryfgids (in die besonder rakende die unieke skryfwyses in hulle vakgebiede)
  - » mentorskap vir jonger akademici kan vanuit vakgebiede aangebied word
  - » skoling op 'n vroeër stadium – byvoorbeeld aanpassing van kurrikulums (Onderwyskommissie van die Akademie sal gevra word om te help – proff. Irma Eloff en Kobus Maree).

- opvangproses – die slyp van artikels nadat dit by tydskrifte ingedien is.
  - » Stel 'n paneel van kundige taaladviseurs saam wat skrywers se werk teen betaling kan regskaaf; dink bv. aan mev. Du Plessis wat in 2013 'n Akademieprys hiervoor gekry het en betrek haar by so 'n paneel. Daar is kundige mense beskikbaar wat hierdie opvangwerk sal kan verrig. (Mnr. Tom McLachlan sal hierby betrokke wil wees en hy sal ook die redakteur van die TGW help met die identifiseer van ervare persone.) Outeurs wie se werk hierdie proses moet deurloop, sal dit teen betaling moet laat doen.

- ondersteuning
  - » kry 'n sentrale punt waar vakwoordeboeke beskikbaar is (prof. Gerhard van Huyssteen sal via VivA hiermee help). Dit sal die gebruik van die regte terminologie aanmoedig.
  - » ontwikkel/skep nuwe terminologie. (Die SA Akademie kry befondsing van die Dagbreek Trust [DT] wat hiermee sal kan help.) Die redakteurs van die twee tydskrifte sal aan prof. Van Huyssteen aanduidings kan gee van watter vakgebiede eerste aandag moet kry in hierdie verband.
  - » In die toekoms sal 'n lys met die uitspraak van woorde verskaf kan word en dit sal leiding kan verskaf in die mondelinge gebruik van die taal (VivA; prof. Ernst Kotzé).

- aansporingsmaatreëls
  - » LitNet se betaling per artikel, afgesien van enige "beloning" vir die publikasie van artikels in geakkrediteerde tydskrifte deur universiteite, dien klaarblyklik as belangrike aansporing om in Afrikaans te publiseer.
  - » Die ATKV se erkenning van artikels is besonder waardevol. (Ten opsigte van die akademietydskrifte ook die Douw Greeff- en Esther Greeff-pryse.)
  - » Die nuwe befondsing via die Dagbreek Trust sal hier kan help. Die detail moet verder uitgewerk word.
  - » Vertaal goeie Afrikaanse artikels in Engels vir publikasie elders.
  - » Kry Engelse artikels van die topname in die onderskeie velde en vertaal dit in Afrikaans.

Prof. R.C. (Ina) Wolfaardt-Gräbe
Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe (TGW)

3.10.2 SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie (SATNT)

Danksy die uitnemende hulp en voortgesette leiding van lede van ons redaksionele Komitee, die uitstekende werk van kollegas by AOSIS, die professionele en tydige evaluering van manuskripte deur ons keurders, loop die tydskrif steeds seepglad. Die volgende tendense blyk uit Bylae A (jaaroorsig, goedgunstiglik verskaf deur AOSIS) en behoort die leser te interesseer:

- Die aantal persone wat die tydskrif se webblad besoek het substansieel gestyg oor die laaste vyf jaar.
- Dit dat dit wil voorkom of die aantal voorleggings afgeneem het. Hou egter die volgende in gedagte: Daar is egter in 2015 net artikels ingedien vir die Studentesimposium en nie vir die Jaarlikse Biologiekongres nie, wat 'n afname in voorleggings veroorsaak het. Verder het die Studentesimposium se kongresopsommings slegs 20 artikels in 2015 ingesluit, wat ook baie minder is as in 2014.
- Die grootste getal voorleggings is afkomstig van die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Noordwes, asook die Universiteit van Johannesburg. (Daar is weliswaar in 2015 slegs vyf artikels ingedien deur kollegas van die Universiteit van Stellenbosch; van die sewe US-wat artikels wat verlede jaar in die SATNT verskyn het, is reeds in 2014 ingedien.)
- Ongeveer 26% van die 27 artikels wat geplaas is, is afkomstig van elk van twee universiteite, naamlik UP en US. Ons is terdeë bewus daarvan dat nie meer nie as 25% van die artikels in enige uitgawe of volume afkomstig mag wees van enige bepaalde instansie. Ons kollegas by AOSIS monitor die situasie noukeurig.
- Die aantal sitasies het gestyg van ses in 2014 tot 36 in 2015. Dit is besonder verblydend.

Die volgende sake is ook van belang.

- Diegene wat belangstel kan gerus kyk hoe dikwels daar na die tydskrif verwys word. Besoek asseblief Google Scholar by ***https://scholar.google.co.za/scholar?as_q=&as_epq=&as_oq=&as_eq=&as_occt=any&as_sauthors=&as_publication=Suid-Afrikaanse+Tydskrif+vir+Natuurwetenskap+en+Tegnologie&as_ylo=&as_yhi=&btnG=&hl=en&as_sdt=0%2C5***
- Daar was verlede jaar 1 390 verwysings na manuskripte in SATNT!
- Die tydskrif is ingedien vir evaluasie by IBSS (wat deur ProQuest oorgeneem is). Ons wag nog op terugvoer.
- Die tydskrif is ook by die volgende instansies/produkte geïndekseer en die webtuiste is dienooreenkomstig aangepas:
  - » Directory of Open Access Journals
  - » Gale, Cengage Learning
  - » ProQuest
  - » Google Scholar
  - » EBSCO Host
  - » Thomson Reuters Products
  - » BIOSIS Preview
  - » SA ePublications, Sabinet AOSIS OpenJournals Harvester

Hiermee word die kollegas verbonde aan AOSIS (Trudie, Margo, Madeleine, Jana, asook Joleta) bedank vir hulle uitnemende werk, asook hul uitnemende samewerking (wat hulle hulp by die skryf van dié verslag, insluit). Ons bedank eweneens al die reaksielede vir die reuse-hulp wat hulle verleen. Dit word opreg waardeer.

Proff. Kobus Maree en Kobus Eloff
Uitvoerende Redakteur: SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie

JOURNAL REPORT

AOSIS Publishing

Year Report - 2015

READER OVERVIEW

Visitors: Unique visitors to the journal per year. The journal shows a steady flow of visitors from 2013 to 2015.



Downloads: The total article downloads from the journal per year is displayed in the table. During 2015 2 articles showed significant number of downloads: A theoretical reflection on the implications of the philosophy of technology for criteria for subject-curriculum development and evaluation (doi.org/10.4102/satnt.v34i1.1170) and An evaluation of the state of wellness amongst medical aid company employees in South Africa (doi.org/10.4102/satnt.v34i1.1213).

Year	Downloads
2012	3206
2013	82494
2014	134830
2015	329213

Summary

Interest from Africa is still higher than those from other countries, of which South African visitors remain the highest.

Continent	First time visitors
Africa	11106
Europe	1397
America	1145
Asia	1140
Oceania	186

In Africa	First time visitors
South Africa	10352
Kenya	477
Namibia	68
Nigeria	61
Egypt	20

South Africa	First time visitors
Gauteng	4368
Western Cape	3430
North West	1080
KwaZulu-Natal	416
Eastern Cape	295

SUBMISSION ORIGIN 2015

University of the Free State (6),
University van Pretoria (15),
North-West University (14),
University of South Africa (3),
Stellenbosch University (5),
University of Johannesburg (12),
University of Cape Town (1),
University of KwaZulu-Natal (3),
University of the Witwatersrand (1),
Nelson Mandela Metropolitan University (1),
Bouwe Wiersma Prokureurs (1),
Unknown (2),
University of Eldoret (1)

PUBLISHED CONTENT (2015)

COUNTRY OF ORIGIN
South Africa (27)

PLACE OF ORIGIN
Stellenbosch University (7),
University of Johannesburg (6),
University of Free State (4),
University of Pretoria (7),
North-West University (2),
University of Cape Town (1)

SECTION
Original Research (26), Book Review (1)

JOURNAL OVERVIEW





IN FOCUS – UNDERSTANDING THE GRAPH

The 'days to review' is calculated from date of submission (or designation of Review version) to the initial Editor Decision, while the 'days to publish' is measured for accepted submissions from its original uploading to its publication.

AOSIS works towards maintaining a 90-day turnaround time to publish accepted submission online.



Year	Citations
2011	0
2012	5
2013	9
2014	6
2015	36

COPE
Member since 2015
JM11366

REDAKSIERAAD SATNT SEDERT 2014

Naam	E-posadres	Afdeling	Tuiste	Spesialisgebied
Kobus Maree	kobus.maree@up.ac.za	Uitvoerende Redakteur	Pretoria	Wiskunde Opvoedkunde
Kobus Eloff	kobus.eloff@up.ac.za	Mede Uitvoerende Redakteur	Pretoria	Plantbiochemie
Annemarie Oldewage	aoldewage@uj.ac.za	Biologiese Wetenskappe	Johannesburg	Dierkunde
Gert Kruger	Gert.Kruger@nwu.ac.za	Biologiese Wetenskappe	Potchefstroom	Plantkunde
Reinette Snyman	snymanr@cput.ac.za	Biologiese Wetenskappe	Kaapstad	Dierkunde
Eugene Cloete	eugenecloete@sun.ac.za	Biologiese Wetenskappe	Stellenbosch	Mikrobiologie
Annie Joubert	annie.joubert@up.ac.za	Biologiese Wetenskappe	Pretoria	Fisiologie
George du Toit	dutoitg@worldonline.co.za	Mediese Wetenskappe	Stellenbosch	Ginekologie
Mariëtte Lowes	mariette.Lowes@nwu.ac.za	Mediese Wetenskappe	Potchefstroom	Farmaseutiese Wetenskappe
Oppel Greeff	oppel.greeff@up.ac.za	Mediese Wetenskappe	Pretoria	Farmakologie
Japie Engelbrecht	Japie.Engelbrecht@nmmu.ac.za	Fisies Chemiese-Wiskundige	Port Elizabeth	Fisika
Heinz Jacobs	hejacobs@sun.ac.za	Fisies Chemiese-Wiskundige	Stellenbosch	Ingenieurswese
Frederick Roelofse	roelofsef@ufs.ac.za	Fisies Chemiese-Wiskundige	Bloemfontein	Geologie
Cassie Carstens	Cassie.Carstens@necsa.co.za	Fisies Chemiese-Wiskundige	Pretoria	Chemie
Marthie van der Walt	Marthie.VanDerWalt@nwu.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Potchefstroom	Wiskunde-onderrig
Lesley Legrange	llg@sun.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Stellenbosch	Biologie
Gawie du Toit	dutoitgf@ufs.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Bloemfontein	Wiskunde/ Fisiese Wetenskappe
William Fraser	william.fraser@p.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Pretoria	Opvoedkunde
Jacques Pietersen	Jacques.Pietersen@nmmu.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Port Elizabeth	Statistiek
Annemarie Hattingh	annemarie.hattingh@uct.ac.za	Opvoedkunde Diverse	Kaapstad	Wiskunde/ Fisiese Wetenskappe
Ampshalwe				
Dione Prinsloo	dprinsloo@akademie.co.za	HUB	SA Akademie Pretoria	
Wessel Pienaar	wpienaar@sun.ac.za	Voorsitter Raad SA	Akademie Stellenbosch	

3.11 Poort-Skryfkompetisie vir kreatiewe skryfwerk deur graad 10-, 11- en 12-leerders

Die POORT-Skryfkompetisie 2015 is afgehandel en die vier nasionale keurders het die nasionale wenners, prosa en poësie, bekend gemaak. Sisca Julius het vanjaar geskiedenis gemaak deur in 2015 as 'n dubbele wenner aangewys te word vir beide die prosa- en poësiegenres: 'n Eerste keer in die 45 jaar dat hierdie prestige Skryfkompetisie aangebied word. Lofwaardige prestasie!

Die nasionale wenner vir 2015:
- **Poësie:** SISCA JULIUS (Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley) met haar gedig Hamartia
- **Prosa:** SISCA JULIUS (Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley) met haar skryfstuk Vandag se vrou wil haar man staan en haar man laat staan.

Die keurders was:
- Prof. Thys Human (Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit)
- Prof. Bernard Odendaal (ATKV-Skryfskool, Noordwes-Universiteit)
- Dr. Daniel Hugo (Vertaler en Uitgewerredakteur, Protea Boekhuis)
- Dr. Leti Kleyn (Skrywer en Uitgewer, Universiteit van Pretoria)

Hierdie span keurders het benewens die nasionale wenner, ook tien toppresteerders aangewys wat na die POORT-Skrywer-Slypskool genooi is. Voorts het hulle ook alle inskrywings wat letterkundige meriete getoon het, gekeur om in die bundel, POORT 2015, opgeneem te word.

Skrywer-Slypskool 2015

Op 12-15 Julie 2015 is die POORT-Skrywer-Slypskool van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die Departement Afrikaans en Nederlands (Fakulteit Geesteswetenskappe) van die Universiteit van die Vrystaat op die universiteitskampus aangebied. Die tien toppresteerders van die POORT-Skryfkompetisie het die Skrywer-Slypskool op uitnodiging van die SA Akademie bygewoon. Mev. Ina van Schalkwyk en dr. Anthea van Jaarsveld (UV) was die oorhoofse organiseerders van die Skrywer-Slypskool.

'n Uitstekende Slypskoolprogram is opgestel wat benewens lesings ook indiwiduele besprekingstyd vir die jong skrywers met die aanbieders voorsien het. Twee bekende letterkundiges, proff. Hans du Plessis en Bernard Odendaal van die ATKV-Skryfskool, beide van die Noordwes-Universiteit, is genooi om die tien aspirantskrywers in die fyner skryfkuns te onderrig en veral ook te inspireer en te motiveer.

Hierdie tien leerders moes aan die einde van die Slypskool 'n nuwe skryfstuk in die genre van hul keuse vir evaluering inhandig. Die tema was Ek en die ander. Te oordeel aan die gehalte van hierdie kreatiewe skryfwerk, spreek dit duidelik dat die leersame en sinvolle insette van die aanbieders verrykend was.

Die SA Akademie bedank graag dr. Nicol Stassen (Protea Boekhuis), wat besondere boekpryse aan die drie wenners van die Poort-Skrywerslypskool geskenk het.

3.12 Die Taalkommissie

Die Taalkommissie werk in aller yl aan 'n nuwe uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) wat in 2017 moet verskyn. Dit sal die elfde uitgawe van die AWS wees en sal presies 100 jaar ná die eerste uitgawe verskyn. Hierdie uitgawe sal aansienlik uitgebrei wees met nuwe hoofstukke oor leestekens en trappe van vergelyking, asook nuwe bylaes oor onder andere SI-simbole, die periodieke tabel en plekname in die Ooste. Die woordelys word ook ouder gewoonte bygewerk.

Om hieraan te werk, het die Taalkommissie in 2015 drie keer vergader, terwyl 'n eindredaksiekomitee ook drie keer sal bymekaar sal kom om die finale manuskrip voor te berei.

3.13 Simposium 2015

Die Akademie se jaarlikse simposium het op 1 en 2 Oktober 2015 in Pretoria plaasgevind met as tema: Die verhouding/spanning tussen globaal en lokaal.

Die sprekers was soos volg:

- Prof. Irma Eloff, Dekaan, Fakulteit Opvoedkunde, UP: Die geskiedenis van onderwysers-opleiding in Suid-Afrika.
- Dr. Michael le Cordeur, Fakulteit Opvoedkunde, US: Die voortbestaan van Afrikaans as universiteitstaal binne 'n meertalige, internasionale, akademiese omgewing: die taaldebat op Stellenbosch.
- Dr. Huw Davies, Projekbestuurder, SAOU: Die implementering van openbare onderwys in die lig van internasionale vereistes.
- Dr. Hanlie Dippenaar, Vakhoof, Departement Engels, Fakulteit Opvoedkunde, Wellington kampus, KSUT: Implementering van gemeenskapsdiens – waar staan ons globaal?
- Me. Nedine Blom: Die impak van mensehandel op die wêreld van vandag en die uitdaging van gepaste remedies vir slagoffers.
- Prof. Jannie Otto, Fakulteit Regte, Universiteit Johannesburg: Afrikaans as regstaal: uitdagings globaal en lokaal.
- Dr. Helena van Coller, Fakulteit Regte, Rhodes Universiteit: Homoseksualiteit en die Kerk: dilemmas en uitdagings, lokaal en globaal.
- Dr. Frans Venter, Physical Coherence Dynamics CC: 'n Fisikageörienteerde beredenering van Genesis 1:3, 'Laat daar Lig wees'.
- Prof. Matie Hoffman, Dept. Fisika, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein: 100 jaar na Einstein: "Lokalisme en Globalisme" in die Fisika.
- Prof. Herman Steyn, Groephoof van Satelliet Ingenieurswese, Rekenaar en Beheerstelsels, Dept. Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Universiteit van Stellenbosch: Die ontwikkeling en gebruik van momentum- en reaksiewiele as dié aktueerder wat die oriëntasiebeheer van ruimtesatelliete tot die Rosetta-landing moontlik maak.
- Prof. Justin Jonas, Rhodes Universiteit: Associate Director: Science & Engineering, SKA South Africa: The SKA Project in Africa.
- Prof. Ena Jansen, Moderne Nederlandse letterkunde, VU en hoogleraar Suid-Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam: Soos familie. Stedelike huiswerkers in Suid-Afrikaanse tekste.
- Prof. Ernst Kotzé, Taalkundige kategorisering as 'n bepalende faktor by besluitneming oor die romeinse skryfwyse van Japannese woorde in 'n Afrikaans-Japannese woordeboek.
- Prof. Eep Francken, Neerlandicus, Universiteit van Leiden: De tweede schrijver van de Zuid-Afrikaanse Nederlandse literatuur.
- Dr. Geraldine Reymenants, Vlaamse verteenwoordiger in suidelike Afrika: Vlaanderen tegenover de wereld: de spreidstand van het literair-culturele tijdschrift "Dietsche Warande en Belfort" (1900-1940).

3.14 Simposiums in die Natuurwetenskappe
3.14.1 Studentesimposium

Die vyftiende jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe is op 29 en 30 Oktober deur die Departement Chemie en Fisika van die Universiteit van die Vrystaat (UV), in samewerking met die Afdelings Wis- en Natuurkunde en Chemiese Wetenskappe van die SA Akademie, aangebied. Dr. Ernie Langner en prof. Jeanet Conradie van die Departement Chemie was verantwoordelik vir die aanvoorwerk by UV. Mnr. Rudi Pretorius en me. Andrea Lombard (Unisa), sowel as dr. Hertzog Bissett (NECSA) was die hooforganiseerders van hierdie suksesvolle geleentheid. Hierdie interdissiplinêre Simposium bied aan nagraadse studente die geleentheid om hul navorsing in Afrikaans aan te bied, en daardeur die gebruik van Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder. Hierdie jaar was daar sowat 25 mondelinge en 9 plakkaataanbiedings, gelewer deur studente van vyf verskillende Suid-Afrikaanse universiteite. Die aanbiedings het 'n verskeidenheid dissiplines soos fisiese geografie, wiskundige statistiek, wiskunde, toegepaste wiskunde, chemie, fisika, chemiese ingenieurswese, rekenaarwetenskap en inligtingstegnologie ingesluit. Die Simposium het op Donderdagaand 29 Oktober afgeskop met die verwelkoming en opening deur prof. Jannie Swarts (Hoof: Fisiese Chemie, UV), waarna mnr. Rudi Pretorius 'n aanbieding gedoen het oor die SA Akademie en die geskiedenis en konteks van die Simposium. 'n Gesellige ete in die Pimento

Restaurant en ‘n voorligting oor sterrestelsels, gelei deur prof. Matie Hoffman van die Departement Fisika (UV), het die aand afgesluit. Na ‘n openingswoord deur dr. Ernie Langner en aanbiedings oor patente en patentreg deur sprekers van Kisch IP en Adams & Adams (wat ook borge van die Simposium is), is die res van Vrydag 30 Oktober in beslag geneem deur die aanbiedings van studente. Hulle aanbiedings word ook beoordeel en kom vir ‘n wye reeks pryse en sertifikate in aanmerking wat deur die borge van die Simposium beskikbaar gestel word. Hierdie Simposium skep ‘n platform vir nagraadse studente van regoor Suid-Afrika om hul navorsing in Afrikaans aan te bied en die sukses van die Simposium word dus gereflekteer in die bydrae wat dit in die breë konteks van die wetenskap in Suid-Afrika lewer

3.14.2 Simposium Biologiese Wetenskappe

Geen byeenkomste is in 2015 gehou nie.

3.15 Projekte

3.15.1 Plakkate vir skole

Die Akademie het die bestaande plakkate van die Hertzogprys, Dalene Matthee, Adam Small, Elisabeth Eybers, NP van Wyk Louw, Ingrid Jonker, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, D.J. Opperman, T.T. Cloete, C. Louis Leipoldt en Uys Krige weer te koop aangebied. Mev. Ina van Schalkwyk hanteer die plakkate.

3.15.2 Woordeboeke

Die Kunswoordeboek: Engels-Afrikaans is voltooi. Die Afrikaans-Engelse deel is ook afgehandel maar daar moet nog uitleg en proefleeswerk gedoen word. Die publikasiedatum is waarskynlik eers in 2017. Dr. Nicol Stassen van Protea Uitgewers sal ‘n gedrukte uitgawe publiseer.

3.15.3 Geskiedenisboek

Die vertaling van die Geskiedeniskommissie se publikasie Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag onder redakteurskap van prof. Fransjohan Pretorius, is deur dr. Bridget Theron in Engels gedoen en die boek is in 2014 deur Protea Uitgewers uitgegee. Die Engelse uitgawe is bygewerk en dele verkort en dié weergawe sal in die toekoms in Afrikaans vertaal word vir verdere verspreiding. Die Engelse vertaling is gratis aan hoërskole gestuur en die verspreiding is nog nie afgehandel nie.

3.16 Die Hertzoggedenklesing

Op 15 Oktober 2015 was prof. Lizette Rabe die spreker. Die tema was: Mediavryheid, Hertzog, “blok-aandele” en “bloc-mag”.

3.17 Wiskunde-in-Aksie

Die SA Akademie het in samewerking met die SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie) die Wiskunde-in-Aksieprojek onder leiding van mnr. Hennie de Wet as projekleier nasionaal geloods. Daar het 256 skole en 3 775 leerders landwyd deelgeneem.

Die beste presteerders in elke streek is uitgenooi na die Wiskunde-Pretdag wat op onderskeidelik 12 en 19 September 2015 by die verskillende universiteite plaasgevind het: Pretoria (UP); Johannesburg (UJ); Potchefstroom (NWU); Port Elizabeth (NMMU); Bloemfontein (UV) en Stellenbosch (US). Hier is die leerders deur verskillende aanbieders aan opwindende moontlikhede wat deur wiskundige kennis ontsluit kan word, blootgestel en is die algehele wenners van die Aksie ook beloon.

3.18 Bekronings 2015

Toekennings vir prestasies in die wetenskap en die kunste is by twee geleenthede in Stellenbosch (24 Junie) en Pretoria (2 Oktober) aan uitnemende Suid-Afrikaners uitgereik.

Die volgende toekennings is gemaak:

- Hertzogprys vir Drama: Tertius Kapp vir sy twee dramas Rooiland en Oorsee.
- Eugène Maraisprys: Nicola Hanekom vir haar drama Die pad byster.
- Tienie Hollowaymedalje vir Kleuterliteratuur: Ingrid Mennen vir Ben en die Walvisse
- Elsabe Steenbergprys vir Vertaalde Kinder- en Jeugliteratuur in Afrikaans: Kobus Geldenhuys vir Hoe om Drakonees te praat.
- Erelidmaatskap van die SA Akademie: Prof. Jaap Steyn, Universiteit van die Vrystaat.
- M.T. Steynprys vir Natuurwetenskaplike en Tegnologiese Prestasie: Prof. Kobus Eloff, Departement Parakliniese Wetenskappe, Universiteit van Pretoria.
- Deleen Bekkerprys vir die beste rolprentdraaiboek in Afrikaans: Chris Barnard vir Die Wonderwerker.
- Havengaprys vir Lewenswetenskappe: Prof. Leon Dicks, Departement Mikrobiologie, Universiteit van Stellenbosch.
- Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe (Chemie): Prof. Jacques Petzer, Departement Farmaseutiese Chemie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.
- Stalsprys vir Multi- en Interdissiplinêre Spanwerk: Prof. Gerhard van Huyssteen, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.
- Stalsprys vir Kommunikasiekunde en Joernalistiek: Prof. Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch.
- Stalsprys vir Sielkunde: Prof. Leslie Swartz, Departement Sielkunde, Universiteit van Stellenbosch.
- Huberte Rupertprys vir Klassieke Musiek: John Roos van Pretoria.
- Markus Viljoenmedalje vir Joernalistieke Prestasie: Ton Vosloo, voorheen uitvoerende voorsitter van Naspers.
- C.J. Langenhovenprys vir Taalwetenskap: Tom McLachlan, voorheen voorsitter van die Taalkommissie.
- C.L. Engelbrechtprys vir Taalkunde: Vir die publikasie ‘n Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming – Redakteur: Prof. Kwesi Kwaa Prah.
- FARMOVS-prys vir Farmakologie en Geneesmiddelontwikkeling: Prof. Gerry Swan, voorheen van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria.
- Christo Wiesemedalje vir ‘n Opkomende Entrepreneur: Piet Mouton, Uitvoerende Hoof, PSG-Groep.
- Erepenning vir Visuele Kunste (installasiekuns): Wim Botha.
- Erepenning vir Radiohoorbeelde in Afrikaans: Johan Rademan vir !Kwha Ttu.
- Besondere Erepenning van die SA Akademie: Prof. Johan de Villiers en die Libertaskoor.
- Besondere Erepenning van die SA Akademie: Boet Troskie van Bloemfontein.
- Erepenning van die SA Akademie se Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie: Proff. J.G. van As, L.R. Brown, N.J. Smit en P.J. du Preez vir hulle boek Die verhaal van lewe en die omgewing: ‘n Afrika-perspektief.
- Protea Boekhuisprys vir die beste Geskiedenisproefskrif in Afrikaans: Dr. Marianna Botes, Universiteit van die Vrystaat vir haar proefskrif: Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895.
- Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje (Plantkundige Wetenskappe): Ansori Maré, Departement Plantkunde, Universiteit van die Vrystaat.
- Douw Greeff-prys vir die beste artikel in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: Prof. J.L. Roos vir sy artikel: Nuwe bevindings oor die genetiese argitektuur van skisofrenie – die bydrae van studies onder Afrikaners, wat verskyn het in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, vol. 33, no. 1 (2014).
- Esther Greeff-prys vir die beste artikel in die Tydskrif vir Geesteswetenskappe: Prof. Fanie de Beer vir sy drie artikels:
  - » Die Polemologie vir die gees, jg. 52(1), Maart 2012 in die spesiale uitgawe: “Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid”;
  - » Geesteswetenskappe: vry of verkneg?, jg. 52(4), Desember 2012, in die spesiale afdeling: “Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid”;
  - » Wat het intussen van gees geword? Enkele oefeninge in die onmoontlike, jg. 53(4), Desember 2013, in die afdeling: “Verdere besinning oor gees, geestelikheid en die geestelike”.

3.19 ATKV-SA Akademieprys 2015

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses. In 2015 is die beste artikels wat in 2013 en 2014 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, beoordeel. Daar is 16 artikels uit 8 tydskrifte voorgelê.

Die pryswenners was soos volg:
Geesteswetenskappe:

- Prof. Helize van Vuuren, Departement Tale en Letterkunde, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth vir haar artikel "Passacaglia van J.S. Bach en Das Passagen – Werk van Walter Benjamin – literêre montage as mosaïekwerk in Memorandum. 'n Verhaal met skilderye (2006)" wat in Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 54(3), September 2014 verskyn het.
- Prof. Kobus Krüger, Departement Godsdienswetenskap, Universiteit van Suid-Afrika vir sy artikel "Oneindigheid as religie-relativerende en - insluitende horison" wat by LitNet, 10(3), Desember 2013 verskyn het.
- Bernardus J. Odendaal, Skool vir Tale, NWU, Potchefstroom Kampus vir sy artikel "Raak- en verskilpunte tussen gedigte en liedtekste" wat verskyn het in Literator 34(2), November 2013.
- Dr. Johann Rossouw, Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat vir sy twee artikels: "Vierdelige artikelreeks: Ontleding van en kritiek op Bernard Stiegler se La technique et le temps-trilogie: Deel 1: "Die tegniek as "die lewe geleef deur ander middele as die lewe self": Bernard Stiegler se tegnoantropologie" wat by LitNet Akademies, 10(3), Desember 2013 verskyn het en Deel 2: "Bernard Stiegler se teologie van skrif en die disoriëntasie van Westerse moderniteit" wat by LitNet Akademies, 11(3), Desember 2014 verskyn het.

Natuurwetenskappe:

- Dr. Sanet Janse van Vuuren, Dept. Omgewingswetenskappe en Bestuur, NWU; mej. Annelie Swanepoel van Randwater, Vereeniging; en mej. Germarie van Zyl van Midvaal Water, Stilfontein vir hulle artikel "Rol van Lesotho-hooglandwater op Vaalrivieralge" wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 32(1), 2013 verskyn het.
- Prof. J.L. Roos van die Departement Psigiatrie, Universiteit van Pretoria vir sy artikel "Nuwe bevindings oor die genetiese argitektuur van skisofrenie: Die bydrae van studies onder Afrikaners" wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 33(1), 2014 verskyn het.

3.20 Beurse

Met befondsing deur die Trust Afrikaanse Onderwys is drie projekte deur die Akademie geloods:

- Beursprojek: Die projek het in Junie 2015 afgeskop met as eerste fase 'n fokus op finale jaar doktorale studente en ook postdoktorale studente. Daar is vir fie aansoeke vir M- en D-grade vir 2016 89 aansoeke ontvang en toegeken.
- Stimulering van navorsingsprojekte in en/of oor Afrikaans: Die Trust Afrikaanse Onderwys het besluit om waar nodig proaktief te wees en leemtes te identifiseer en projekte te befonds wat hierdie tekortkominge kan aanspreek.
- Die moontlikheid van opdragnavorsing vir die korttermyn, is oorweeg.
- Die SA Akademie het 'n ondersoek na die stand van terminologie-ontwikkeling in die RSA gedoen en daar is gewaak dat bestaande inisiatiewe nie dupliseer word nie.
- Afrikaanse Akademiese Boeke: 'n Bedrag word vir die drukkoste van Afrikaanse boeke beskikbaar gestel. Die Trust verwys aansoeke wat aan hulle gestuur word, direk na die SA Akademie. Akademielede is genader met die oog op die bepaling van die behoefte aan Afrikaanse akademiese boeke. Verskeie toekennings is gemaak.

3.21 Administrasie van die Jan H. Maraisprys

Die Jan H. Maraisprys is in 2015 ingestel deur drie van die belangrikste instansies wat hulle bestaan te danke het aan die erflating van Johannes Henoch Marais (1850-1915), vooraanstaande Stellenbosser en voormalige inwoner van Kimberley waar hy sy welvaart opgebou het. Die instansies is Het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers (Media 24) en die Universiteit van Stellenbosch. Die eerste Jan H. Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal is aan prof. H.B. (Hermann) Giliomee toegeken. Die prys ter waarde van R500 000 is op 30 Mei, die herdenking van die verjaarsdag van wyle Jannie Marais, tydens 'n funksie op Stellenbosch aan prof. Giliomee oorhandig word. Die prys word jaarliks toegeken as erkenning vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Die SA Akademie hanteer die administrasie van die prys en sal weer in 2017 toegeken word.

4. KOMMISSIES VAN DIE RAAD

4.1 Letterkundekommissie

Die kommissie bestaan uit die volgende lede: Proff. H.P. van Coller (voorsitter), W.D. Burger, J.L. Coetser, C.H.F. Ohlhoff, H.E.J. van Vuuren, S. van Wyk en A.G. Visagie.

Die letterkundepryse waaronder die Hertzogprys, is weer toegeken.

Die Letterkundekommissie het weer vir Breyten Breytenbach voorgestel as 'n kandidaat vir die Nobelprys vir Letterkunde.

4.2 Taalkommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. G.B. van Huyssteen (voorsitter), dr. H. Beyer, proff. F.S. Hendricks, S. Kapp, dr. F.J. Lombard, proff. P. Louw, J. Luther, M. Pienaar en me. S. Pilon (sekretaris).

4.3 Geskiedeniskommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. F. Pretorius (voorsitter), J.W.N. Tempelhoff (ondervoorsitter), J.A. du Pisani, E.S. van Eeden, H.O. Terblanche, drr. D. Prinsloo, W.P. Visser en prof. A. Wessels.

4.4 Kommissie vir Uitvoerende Kunste

Die kommissie is soos volg saamgestel: Mnr. L. van Nierop (voorsitter), mnr. P. Boekkooi, proff. V. Davids, I.J. Grové en N.J. Luwes.

4.5 Onderwyskommissie

Die kommissie is soos volg saamgestel: Proff. Irma Eloff (voorsitter), J. Booyse, dr. H. Davies, prof. G.F. du Toit, drr. P. Edwards, M.L.A. le Cordeur, F.J. Nieuwenhuis en mnr. J. van der Westhuizen.

4.6 Kommissie vir Visuele Kunste

Die kommissie is soos volg saamgestel: Prof. A.E. Duffey (voorsitter), proff. W. Bester, J. Botha en D.J. van den Berg.

5. SAKE WAARVAN MELDING GEMAAK MOET WORD

5.1 Blootstelling aan die Media

Die SA Akademie is gedurende 2015 meermale in die gedrukte media vermeld. Die Voorsitter en die HUB het verskeie kere deelgeneem aan radio- en TV-programme. Hier volg 'n opsomming van nuusdekking oor die afgelope tydperk:

NWU kraai koning! (ATKV/RSG Spel-intervarsity	*Taalgenoot, Somer 2015*
Avoiding fiscal cliff will have taxpayers staggering (J. Rossouw, F. Joubert & A. Breytenbach)	*Business Day, 7 Januarie 2015*
Dr. Michael le Cordeur: Die rykes en armes.	*Die Burger, 17 Januarie 2015*
Wat goeie base doen en nie doen nie... Hennie van Coller	*Netwerk24, 19 Januarie 2015*
Derde Afrikaanse fees in 2016 in Amsterdam	*Beeld, 23 Januarie 2015*
Michael le Cordeur: Skool (Spine Road) ontdek resep vir sukses	*Sondag, 25 Januarie 2015*
Michael le Cordeur: Dis tyd om te versoen	*Post Scriptum, Paarl Post, 26 Februarie 2015*
Michael le Cordeur: Want Wellington se kinders verdien beter	*Post Scriptum, Paarl Post, 29 Januarie 2015*
Michael le Cordeur: Kan daar lewe wees na die dood?	*Die Burger, 29 Januarie 2015*
Driekie Hay kry pos by universiteit in Durban	*Beeld, 2 Februarie 2015*
Theuns Eloff lei nou FW se stigting	*Beeld, 2 Februarie 2015*
Michael le Cordeur: Hoor 'n Leier praat	*Die Burger/Beeld, 12 Februarie 2015*
Michael le Cordeur: Dis hoe 'n Leier dit doen	*Beeld, 12 Februarie 2015*
AP Brink sit leser aan dink	*Bloemnaweek, 13 Februarie 2015*
Kleiner en groener woonstyl – prof. Hans Wegelin	*Plus 50, Maart/April 2015*
Vooruitsig vir die olieprys in 2015 (prof. Jannie Rossouw)	*OVK, Maart 2015*
'Só sal Afrikaans as leertaal oorleef' – prof. Fernand de Varennes	*Beeld, 3 Maart 2015*
NWU: Besluit oor rektor gou geneem – prof. Herman van Schalkwyk	*Beeld, 3 Maart 2015*
Puk praat nie met belanghebbendes	*Beeld, 4 Maart 2015*
NWU lyk bang vir menings oor taal – Dirk Hermann	*Beeld, 4 Maart 2015*
'Universiteit is g'n betrek' – Theo Venter	*Beeld, 4 Maart 2015*
Beeld sê: Taalstryders kan gerus na hom luister	*Beeld, 4 Maart 2015*
Ruim taalwet-struikelblokke uit weg, sê Cyril	*Beeld, 5 Maart 2015*
W Carstens se stellings lomp en ondeurdag	*Beeld, 6 Maart 2015*
Moenie taal die sondaar maak nie	*Die Burger, 7 Maart 2015*
Kgadi se plan kry teenstand in senaat	*Beeld, 13 Maart 2015*
NWU sal mark verloor	*Beeld, 13 Maart 2015*

Sprekers van Afrikaans het foute gemaak	*Die Burger, 14 Maart 2015*
Behoud van taal, kultuur is 'n bonus	*Beeld, 20 Maart 2015*
Taal se toekoms kort dié beleggings – Tim du Plessis	*Rapport, 23 Maart 2015*
Tertius Kapp bekroon met Hertzogprys	*Netwerk24, 27 Maart 2015*
'Dis groot eer' sê Tertius Kapp oor sy Hertzogprys	*Netwerk24, 27 Maart 2015*
'Haal ras en aggressie uit taaldebat'	*Beeld/Netwerk24, 25 Maart 2015*
Bekronings 2015	*LitNet, 27 Maart 2015*
Hertzogprys vir Kapp	*Beeld, 28 Maart 2015*
Beeld sê: Die toekoms van Afrikaans is in ons hande	*Beeld, 31 Maart 2015*
Vanaf fisika tot Hertzog – Tertius Kapp	*Beeld, 2 April 2015*
Zuma moet optree! - Fransjohan Pretorius	*Beeld, 8 April 2015*
Debutante ook na Afrikaanse week	*Beeld, 13 April 2015*
Insig: TV-onderhoud (prof. Jannie Rossouw en mnr. Chris Klopper)	*Youtube-skakel, 13 April 2015*
Afrikaans op agenda vir gesprek (universiteite en minister praat)	*Beeld, 16 April 2015*
Die Ghoemas se ghoema probleem (debat oor Afrikaans)	*Beeld, 16 April 2015*
'Om te dink taal kry nou erkenning' – Danny Titus	*Beeld, 16 April 2015*
Universiteite en Blade vergader 'konstruktief'	*Netwerk24, 17 April 2015*
'n Loopgraaf-paragraaf – Wium van Zyl	*Rapport, 19 April 2015*
Ruimteagentskap 'boer agteruit' met Afrikaans-besluit	*Rapport, 19 April 2015*
Goeie nuus: Jong skrywer maak geskiedenis (Sisca julius)	*Maroelamedia, 22 April 2015*
Valke bekyk nou omstrede Puk-skenking	*Netwerk24, 21 April 2015*
Bewaar monumente vir almal in SA	*Netwerk24, 24 April 2015*
Blikstem vernou kloof wat 11 tale skep	*Beeld, 27 April 2015*
Maak jy vyande vir Afrikaans?	*Beeld, 2 Mei 2015*
Wanneer is 'n woord 'n woord?	*Beeld, 2 Mei 2015*
Sulke optrede kan taal knou	*Beeld, 5 Mei 2015*
Afrikaans moet waai by Kovsies	*Beeld, 7 Mei 2015*
Sisca skrywer én digter van formaat	*Netwerk24, 6 Mei 2015*
Skeiding maak Afrikaans broos	*Netwerk24, 7 Mei 2015*
Luister na dié studente	*Beeld, 7 Mei 2015*
Oraloor gewaarsku oor taal by Kovsies	*Beeld, 8 Mei 2015*
Kgwadi vol lof vir taal	*Beeld, 8 Mei 2015*
Waar lê die uitklophou vir Afrikaans?	*LitNet, 8 Mei 2015*
'n Nuwe Afrikaanse woordeboek vir jou selfoon	*Maroela Media, 13 Mei 2015*

Blink ster – Sisca Julius	*Huisgenoot, 14 Mei 2015*
Afrikaans: Doodsklok lui by UV	*Netwerk24, 15 Mei 2015*
Dán sal ek skoolvak steun – Luister na almal se Verlede, geskiedenis (Fransjohan Pretorius)	*Beeld, 19 Mei 2015*
Moenie by Maties kom studeer	*Beeld, 20 Mei 2015*
Hulle sit die spel in speletjie (Gerhard van Huyssteen)	*Beeld, 22 Mei 2015*
Helfte van 'n miljoen vir wie taal só aanwend (Het Jan Marais Nationale Fonds)	*Rapport, 31 Mei 2015*
Top-uitblinkers vir hul werk vereer	*Die Burger, 24 Junie 2015*
Goeie nuus: 'n Hupstoot vir studie in Afrikaans	*Maroela Media, 10 Julie 2015*
Afrikaanses kan beurs kry vir hul studie	*Rapport, 12 Julie 2015*
JP Smuts sterf aan longontsteking	*Die Burger, 22 Julie 2015*
Blade vra onderrig in eie taal	*Beeld, 24 Julie 2015*
Atterbury maak 'n plan in Oos-Europa – Louis van der Watt	*Rapport, 2 Augustus 2015*
'n Boek vir elke Matie en meer – Nalatenskappe sonder einde	*Beeld, 17 Augustus 2015*
Kom ons in SA doen dit self (Christof Heyns)	*Beeld, 5 September 2015*
'n Magistrale geskiedenis van Afrikaans (Jerzy Koch)	*Rapport, 6 September 2015*
Twee literêre geleenthede dié week by UJ	*Beeld, 8 September 2015*
Vyf beurse wink by Akademia	*Beeld, 21 September 2015*
Wit bevolking gaan nog skerp afneem (prof. Flip Smit)	*Beeld, 1 Oktober 2015*
Gewese mediese dekaan van Tuks sterf (prof. Jan van der Merwe)	*Beeld, 1 Oktober 2015*
Joernaliste se taak is dringend, sê Ton Vosloo by hulde	*Rapport, 4 Oktober 2015*
Afrikaanse fees in Goudstad wil omarm en bind	*Beeld, 14 Oktober 2015*
Die Afrikaanse taal ook bevorder op tersiêre vlak	*Beeld, 21 Oktober 2015*
Cool Capital-biënnale kry koel katalogus (Pieter Mathews)	*Beeld, 28 Oktober 2015*
Wen R500 000 vir werk in Afrikaans (Jan H Marais-prys)	*Beeld, 28 Oktober 2015*
There is no new money (prof. Jannie Rossouw)	*Financial Mail, 5 November 2015*
'Old school'-fisikus sterf (prof. Harm Moraal)	*Beeld, 11 November 2015*
Maties: 'Skande wat onthou sal word' – Breyten	*Beeld, 13 November 2015*
Afrikaans kry wêreldwyd erkenning (dr Dionē Prinsloo)	*Beeld, 17 November 2015*
Die Jan H Marais-prys bevorder Afrikaans as wetenskapstaal (dr. Dionē Prinsloo)	*LitNet, 25 November 2015*
SA Akademie oor die US-taalbeleid (dr. Dionē Prinsloo)	*LitNet, 16 November 2015*

6. VERSLAE VAN DIE FAKULTEITE

6.1 Die lede van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe was soos volg oor die Werkgemeenskappe versprei:

Werkgemeenskap	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatlede	Korresponderende lede	Totaal
Buiteland		**26**			**2**	**28**
Durban		**2**				**2**
Oos-Kaapland		**14**	**4**			**18**
Pietermaritzburg						**-**
Polokwane		**2**				**2**
Potchefstroom		**85**	**3**			**88**
Pretoria	**3**	**156**	**18**			**177**
Vaaldriehoek		**11**				**11**
Vrystaat	**1**	**67**	**8**			**76**
Wes-Kaap	**4**	**128**	**30**			**162**
Witwatersrand		**41**	**7**			**48**
Zoeloeland		**1**				**1**
Totaal	**8**	**533**	**71**		**2**	**614**

6.2 Die lede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie was soos volg oor die Werkgemeenskappe versprei:

Werkgemeenskap	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatlede	Korresponderende lede	Totaal
Bloemfontein		19	7			26
Buiteland		3			2	5
Durban		2	1			3
Oos-Kaapland		13	7			20
Pietermaritzburg		1				1
Polokwane		1				1
Potchefstroom		42	7			49
Pretoria	2	91	33	4		130
Vaaldriehoek		4				4
Wes-Kaap	1	62	34			97
Witwatersrand		34	9			43
Zoeloeland		1	1	1		3
Totaal	3	273	99	5	2	382

Verslag van Afdelings:

Afdelings	Erelede	Gewone lede	Emeritus lede	Assosiaatlede	Korresponderende lede	Buiteland	Totaal
Biologiese Wetenskappe	**1**	**68**	**27**	**2**		**2**	**98**
Chemiese Wetenskappe	**2**	**36**	**12**	**1**			**51**
Geneeskunde		**53**	**16**		**1**		**70**
Ingenieurswese		**44**	**25**	**1**		**2**	**70**
Wis- en Natuurkunde		**67**	**19**	**1**	**1**	**1**	**88**
Totaal	**3**	**268**	**99**	**4**	**2**	**5**	**382**

7. VERSLAE VAN DIE WERKGEMEENSKAPPE EN AFDELINGS VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE 2015 TOT 31 DESEMBER 2015

7.1 Werkgemeenskap Bloemfontein en Vrystaat

Bestuur: Proff. H.P. van Coller (voorsitter), A.A. Stulting (ondervoorsitter), dr. Anthea van Jaarsveld (sekretaris), proff. O.B. Kok, S.W. Schoombie en dr. C. van den Berg.

7.2 Werkgemeenskap Pretoria

Bestuur: Dr. Nerina Bosman (voorsitter), dr. P.A.B. Carstens (ondervoorsitter), prof. P.H. Potgieter (sekretaris), proff. J.C. Pauw en Jacques van der Elst. Die HUB word ook genooi na die vergaderings.

Byeenkomste:

1. 18 Februarie 2015: Prof. Louw Roos – Skisofrenie
2. 20 Mei 2015: (Oorhandiging van die ATKV-SA Akademieprysaan prof. J.H. van Wyk); mnr Pieter Mathews – Ons toekoms lê in doen dit self. Cool Capital – die wêreld se eerste en enigste kuratorlose DIY-guerilla-biënnale
3. 5 Augustus 2015: Dr. Hannelie Human – 'n Wêreld sonder bye? 'n Suid-Afrikaanse perspektief
4. 17 November 2015: (Jaareindfunksie, verkiesing van Werkgemeenskapbestuur, oorhandiging van die ATKV-SA Akademieprys aan prof. Fanie de Beer); prof. Alex Duffey – Skyfievertoning en praatjie oor "Het Lam Gods", die drieluik-altaarstuk deur Jan van Eyck (in die St. Baafskatedraal, Gent).

Algemeen

Die bestuur het veral aan die volgende sake aandag gegee:

1. Dr. P.A.B. (Cassie) Carstens is in November 2015 aangewys as nuwe voorsitter van die Werkgemeenskap.
2. Die werwing van nuwe lede deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns bekend te stel aan nie-Akademielede wat die byeenkomste bygewoon het. Daar is ook gepoog om borge te kry vir die Werkgemeenskap se byeenkomste, bv. dat Afdelings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns dit borg, bv. die Afdeling Chemiese Wetenskappe.

7.3 Werkgemeenskap Oos-Kaapland

Bestuur: Prof. J.A.A. Engelbrecht (voorsitter), dr. D. Venter (ondervoorsitter), prof. A. Otto (sekretaris) en prof. C. Wait.

Byeenkomste:

1ste Lesing :

Spreker: Dr. Annatjie Smith, Divisie Dieetkunde, Skool vir Leefstylwetenskappe, NMMU
Datum: Dinsdag 19 Mei 2015
Titel: Jy is wat jy eet

2de Lesing :

Spreker: Prof. Danie Hattingh, Direkteur eNtsa, Skool vir Meganiese Ingenieurswese, NMMU
Datum: Dinsdag 18 Augustus 2015
Titel: Weldcore – Plaaslik ontwikkelde alternatiewe onderhoudsproses vir ESKOM

3de Lesing :
Spreker: Prof Susanna Smith, Departement Afrikaans, Universiteit van Fort Hare
Datum: Dinsdag 13 Oktober 2015
Titel: Die groen (in die) gedig

Algemeen
Die Bestuur is herkies vir 2015, en het weer gereël vir aanbiedinge van hoogstaande gehalte. Bywoning was oor die algemeen redelik. Die ATKV-Akademieprys is tydens die laaste lesing aan prof Smith oorhanding. Mnr. Japie Gouws van die ATKV was ook teenwoordig tydens die geleentheid, en daar is versnaperinge gereël vir die okkasie. Lede kon heerlik gesels na die interessante lesing en oorhandiging.

Vanjaar is drie lede gewerf as lede van die Akademie, en die Bestuur hoop om nog lede te werf in die komende jare. Prof. Japie Engelbrecht is ook benoem en verkies vir 'n verdere termyn op die Raad van die Akademie.

Die Bestuur dra ook graag hul dank oor aan die Departement Fisika en prof. Jan Neethling van die HRTEM Fasiliteit, vir gebruik van die lesingsale vir die aanbiedinge.

7.4 Werkgemeenskap Wes-Kaap

Bestuur: Dr. G.C. (George) du Toit (voorsitter), proff. J. (Johan) de Villiers (ondervoorsitter), F.J. (Erik) Mostert, H.L. (Louise) du Toit, S.E. (Stephan) Visagie, I.J. (Izak) Grové en dr. H.A. (Herman) Engelbrecht.

Byeenkomste:
1. Ledebyeenkoms: Donderdagaand 16 April. Die geleenheidspreker was prof. W.J. Breytenbach, 'n Politieke Wetenskaplike, US oor die onderwerp "Hoekom is Lesotho 'n onstabiele demokrasie en Swaziland 'n stabiele outokrasie?"
2. Ledebyeenkoms: Woensdagaand 12 Augustus. Die geleentheidspreker was dr. Gerda Odendaal, 'n postdoktorale genoot in die Departement Afrikaans en Nederlands, US oor die onderwerp "Demokratisering van Afrikaans en die variëteite van Afrikaans".
3. Hulpverlening met die aanbied van die Suidelike Bekroningsgeleentheid.
4. Verspreiding van Afrikaanse populêre tydskrifte onder plaaswerkers.

7.5 Werkgemeenskap Potchefstroom

Bestuur: Prof. C.C. Wessels (voorsitter), prof. E.L.J. Breet, prof. J. du Toit (ondervoorsitter), dr. J.A.K. Olivier (sekretaris en penningmeester), proff. W.A.M. Carstens, J. Geertsema, E.P.J. Kleynhans, G.A. Lotter, A. Lourens en H. Strydom.

7.6 Afdeling Biologiese Wetenskappe

Bestuur: Prof. P.D. Theron (Voorsitter), dr. E.E. Bruwer (Sekretaris), prof. A. Oldewage, drr. C. Huyser, N. van Loggerenberg, proff. W.J. van Aardt, W. van Hoven, drr. J.F. Durand en J. Berner.

7.7 Afdeling Chemiese Wetenskappe

Bestuur: Dr. I.J. van der Walt (voorsitter), me. W. du Plessis (sekretaris), prof. E. van der Lingen, drr. D.S. van Vuuren en H. Bissett.

7.8 Afdeling Wis- en Natuurkunde

Bestuur: Mnr. R.W. Pretorius (voorsitter), dr. P.E. Uys (ondervoorsitter), proff. W. Meyer, P.H. Potgieter, dr. S. Zietsman en me. A. Lombard. Die pos van sekretaris is sedert 2009 vakant.

Vergaderings
Twee bestuursvergaderings is gehou, naamlik op 5 Maart 2015 en op 10 Desember 2015. Albei die vergaderings is gehou by die Departement Besluitkunde, Unisa. Geen algemene jaarvergadering is gehou nie, en dit staan dus oor na 2016. 'n Vergadering is op 4 November 2015 by die SAAWK-kantoor in Riviera gehou om kopieregkwessies rakende die Fisika-woordeboek uit te klaar.

Funksies
Openbare Wetenskapsimposium
Die Openbare Wetenskapsimposium is andermaal gedurende die verslagperiode aangebied, en wel op 21 Mei 2015. Die gebruik om die simposium in samewerking met die Afdeling Chemiese Wetenskappe te hou, is in 2015 hervat. Die gebruik het onstaan om hierdie simposium telkens by die Hazelwood-kampus van Unisa saam met die Department Besluitkunde aangebied. Hoewel beurtkrag ontwrigtend was, het die simposium suksesvol verloop, met prof. P. Potgieter van die afdelingsbestuur wat dit gekoördineer het. Die spreker wat deur die Afdeling Wis- en Natuurkunde gereël is, was: Dr. Sux Zietsman (SAAWK, voorheen Senior Lektor, Dept Geografie, Unisa) – "Die mens-omgewingsverband in die Afrika-konteks: 'n geïntegreerde beskouing".

Studentesimposium
Die jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe is van 29 tot 30 Oktober 2015 op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat aangebied. Die gasheerdepartement was die Departement Chemie van UV. Die koördineerders was me. A. Lombard en mnr. R. Pretorius (albei van die afdelingsbestuur). Dr. H. Bisset van die Afdeling Chemiese Wetenskappe was ook betrokke, en het die borge vir die geleentheid hanteer.

Die uitblinkers wat betref die Afdeling Wis- en Natuurkunde, was as volg:
1. J. Maritz, UV (Departement Fisika), PhD (Gevorderd), "Pulsare as wispulturige tydhouers": 1ste plek, Sessie 1.
2. E. Maritz, UV (Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde), PhD (Gevorderd), "'n Fynbedagte kleurspel in grafiekteorie": 1ste plek, Sessie 2, asook Eureka-DIY spesiale toekenning.
3. I. van der Linde, UV (Departement Rekenaarwetenskap en Informatika), MSc (Begin), "Vergelyking van sentiment analisetegnieke vir 'n sosiale media grootdatastel": 1ste plek, Sessie 3.
4. A. Singh, UP (Departement Fisika), MSc (Begin), "Ondersoek na die opgewekte elektroniese toestande van kartenoïede in die hoof plant lig-oeskompleks (LHCII)deur femtosekonde pomp-proef spektroskopie", Afriforum spesiale toekenning vir 'n nie-moedertaal spreker van Afrikaans.

Soos gebruiklik, is al die aanbiedings beoordeel en 'n aantal kontant- en ander pryse ook toegeken. Hierdie geleentheid is redelik goed bygewoon en positiewe terugvoer is in die algemeen daaroor ontvang. In 2016 sal die simposium by Noordwes-Universiteit plaasvind.

EXPO
Die deelname van die Afdeling Wis- en Natuurkunde aan die "Noord-Gauteng Expo vir Jong Wetenskaplikes" is in 2015 voortgesit, hoewel die Afdeling Chemiese Wetenskappe nie soos gewoonlik direk betrokke was nie. Beoordeling van projekte is by beide die junior en senior EXPO gedoen. Verskeie toekennings (kontantpryse) en daarmee saam sertifikate, is weereens aan besondere projekte in Afrikaans gemaak. Lede van die Afdeling Wis- en Natuurkunde het as beoordelaars opgetree.

Die top-projekte vir die toekenning by die Junior EXPO was as volg:

Gr 1-3
"Beurtkrag! Kan jy die dief in jou kers briek?"

Gr 4-5
"Alternatiewe verkoeling"
"Wiskundige onderrig met afvalmateriaal"
"Wasgoedmiddels"

Die top-projekte vir die toekenning by die Senior EXPO was as volg:

Gr 6-7
“Invloed van storing en voedselverwerking op Vitamiene C”
